


**Die kuns om te volg.**
**Matteus 9:9-13**

Matteus 9:9 is ‘n hele storie in een sin. Eintlik nogal ‘n kort sin. En soos die beste kortverhale moet jy besonder fyn aandag skenk om die waarheid van hierdie oomblik te begryp. Dit moet gevoel word. Jesus is op pad van een plek na ’n ander. Jesus sien vir Matteus, en daar is ‘n ontmoeting (encounter). Jesus roep en Matteus reageer. So eenvoudig, en tog verander alles.

Miskien is dit juis hoekom hierdie verhaal ons so diep raak. Iewers herken ons iets van ons eie storie daarin. Die meeste van ons ken daardie verlange na meer. Ons kyk terug oor die paaie wat ons reeds gestap het, die keuses wat ons gemaak het, en die identiteite wat ons dra. Soms ontdek ons dat die tipe sekerhede waarna ons gesoek het (en dalk gevind het) ons ook nie meer so seker laat voel nie. Ons hoor die beloftes van die evangelie, maar wonder hoe daardie lewe van volheid en vryheid werklik lyk.

Dis ‘n universele honger/impuls in ons. Daardie ervaring waar jy al die ou identiteite – al die *tags* en etikette wat mense om jou nek gehang het oor wie jy is, kan agterlaat. Die deur swaai oop en jy proe die vryheid van ‘n nuwe begin saam met God. En dit gebeur gewoonlik onverwags.

Dit is presies waar Jesus vir Matteus ontmoet. Hy sit letterlik by die tafel van sy ‘ongesonde’ identiteit as belastinggaarder. Gehaat omdat hy sy eie mense uitbuit. En skielik staan die Bron van die Lewe voor hom en roep hom… Dis amper soos alle goeie stories begin: Eendag lank lank gelede was daar ‘n man wat vasgevang was in ‘n soort lewe wat nie uitgedraai het soos hy gehoop het dit sou nie. En toe was daar ‘n ontmoeting – en in die doodloopstraat van sy bestaan sien hy skielik ‘n nuwe pad oopbreek - ‘n ander toekoms.
*Wat is* verander na *wat as.*

Want Jesus sien nie die etiket nie. Hy sien die mens. Hy sien die beeld van God wat steeds daar is, selfs onder lae van mislukkings, skuld, skaamte en verkeerde keuses. En dan kom die uitnodiging: "Volg My."

**Wat beteken dit om geroep te word?**
In ons geloofstradisie word daar dikwels onderskei tussen twee dimensies van roeping – ons primêre en sekondêre roeping (Os Guiness – *The Call*).

1) Primêre roeping (enkelvoud): God roep ons in die eerste plek na Iemand – na Hom (nie om ’n taak af te handel nie). Ons identiteit lê by God se genadige woorde: "Jy is myne."

2) Sekondêre roeping: Uit hierdie verhouding vloei dan ons meervoudige roepings: die daaglikse ‘luister’ waar God ons stuur om sy liefde sigbaar te maak in die wêreld. Hierdie roepstemme kom deur alle mense om ons, deur nood, geleenthede, en die plekke waar ons woon en werk.

Maar alles begin by die eerste roeping. Jesus se woorde aan Matteus is opvallend eenvoudig. Hy onderhandel nie. Hy maak nie groot beloftes oor voorspoed of sukses nie. Dis nie ‘n opdrag nie, maar 'n uitnodiging. Kom stap saam met My.

**Van een tafel na ’n ander**
Dan gebeur iets merkwaardigs in hierdie storie. Jesus gaan saam met Matteus huis toe en sit by sy tafel. Die Een wat roep, word ook die Een wat volg! Die Geneesheer neem plek in tussen mense wat deur ander afgeskryf word. Dit ontstel natuurlik die godsdienstige leiers. Hoe kan iemand soos Matteus ingesluit word?

Jesus antwoord: "Gesonde mense het nie 'n dokter nodig nie, maar siekes." Die evangelie is vir mense wat weet hulle het genade nodig. Jesus kom nie na diegene wat hulself as volmaak beskou nie, maar na diegene wat hul behoefte aan Hom erken.  Daarom voeg Hy by: "Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie."

**Gaan leer wat dit beteken**
Dis die tweede uitnodiging/roeping in die verhaal. Gaan leer wat dit beteken om op te kyk en waarlik te sien. Gaan leef 'n lewe van omgee en die honger hier binne jou na meer gaan versadig word. Gaan wees deel van God se genesende werk in die wêreld.

**Waarheen?**
Die lewe waartoe God ons roep is nie ’n groot geheimenis wat ons moet ontrafel nie. God speel nie kat en muis nie: "True vocation joins self and service: the place God calls you to is the place where your deep gladness meets the world's deep need". Frederick Buechner

Dis die beweging regdeur Matteus: Jesus stap. Hy sien. Hy ontmoet. Hy roep. En ’n nuwe toekoms raak sigbaar.  Dit is dieselfde roepstem wat daagliks oor ons pad kom.

**Yes**
*It could happen any time, tornado,*
*earthquake, Armageddon.*
*It could happen.*
*Or sunshine, love, salvation.*

*It could, you know. That’s why we wake*
*and look out — no guarantees*
*in this life.*

*But some bonuses, like morning,*
*like right now, like noon,*
*like evening.*

William Stafford